HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145
Faks: 041-5813118

E-pos: dfm@telkomsa.net

Veertiende Laan
WALMER
6070

30 April 2008

OMSENDBRIEF 5/2008

Geagte Ouers/Voogde

U dringende aandag word vir die volgende gevra:

1. **DFMOK:**

   Die Ondersteunersklub loods 'n groot en unieke fondsinsamelingspoging waarvoor ons graag u ondersteuning vra. Dit werk soos volg:

   U koop 'n R20 kaartjie by een van die leerders en u het dan 'n kans om 'n skaap te wen (u moet ook 'n maklike vraag beantwoord). Die goeie nuus is verder dat u nie net een kans het nie – daar is elke maand 4 skape beskikbaar. As u kaartjie getrek word, word dit weer ingegooi – vir R20 kan mens dus **VIER** skape wen! Natuurlik: hoe meer kaartjies u koop, hoe beter is u kans. Vir die daaropvolgende maand vind daar weer 'n trekking plaas – kaartjies is net vir 'n maand geldig.

   Vir die leerders is daar ook groot pryse te wen – ons sal hulle daaroor inlig.

   ONDERSTEUN ASSEBLIEF HIERDIE POGING IN BELANG VAN ONS SKOOL!!

2. **DOGTERS-LANGBROEKE**

   Die dogters kan in hierdie week (tot 8 Mei) die langbroeke aanpas en bestel. Die broeke sal R150 kos – die geld moet by mev. Burns inbetaal word en die kwitansie getoon word as hulle bestel. Aflewering behoort binne twee weke vanaf bestelling te geskied.

3. **DANKIE**

   Baie dankie aan diegene van u wat die DFMOK se steak-aand bygewoon het. U ondersteuning word regtig waardeer – ons hoop dat u die aand geniet het. 'n Tweede dankie vir u bywoning van die VCSV Basaar. Dit was 'n riem onder die hart om die groot aantal ouers hier te sien – wat ook lyk of hulle lekker kuier en die saamwees geniet. Dankie vir u groot bydrae!!

4. **GEDENKWEEK**

   Hiervoor wil ons ook u ondersteuning vra – die musiekblyspel Breek 'n Been op 13 en 14 Mei, DF Malherbe Gedenklesing op 15 Mei en die kabaret-vertoning van Helené Bester op 16 Mei. U sal nog meer besonderhede ontvang, maar kom ons maak dit soos in die verlede 'n groot DF hoogtepunt.

Dankie vir u aandag.

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF